

14 Januarie - APOSTELS

Skrifgedeelte: Lukas 17:1-10 (NAV)

Fokusgedeelte: Lukas 17:5-6

As die Here Jesus sy dissipels waarsku om vir niemand 'n struikelblok te wees nie en hulle oproep om vergewensgesind te wees, bring dit hulle tot 'n diepe besef van hulle onmag, want binnekort moet hulle as apostels die evangelie gaan verkondig! En daarom die dringende versoek: "... Gee ons meer geloof" (vs 5).

Hierdie versoek van die apostels is nie vir ons vreemd nie. Dit is dikwels ons bede. Want met 'n bietjie ekstra geloof sal ons met God 'n leërskaar kan bestorm en met Hom oor 'n muur kan spring! (Ps 18:13 berym). En vir die duiwel geen vatkans gee nie (Ef 4:27)!

Jesus weier egter volstrek om vir sy apostels meer geloof te gee. Waarom? Omdat die apostels 'n totaal verkeerde siening van geloof gehad het. Volgens hulle het 'n klein geloof niks beteken nie. Dis net 'n groot geloof wat dinge kan doen! Geen wonder nie dat Jesus vir hulle sê: "As julle maar geloof so groot soos 'n mosterdsaadjie gehad het, sou julle nie hierdie versoek gestel het nie."

Wat doen 'n mosterdsaadjie? Dit skiet worteltjies af in die grond om kos te soek. Nou ja! Dit moes die dissipels en moet ons ook doen. Ons moet die wortels van ons geloof biddend inslaan in die Bybel as die Woord van God. En daarvoor nadink en daarvolgens lewe! Maar die mosterdsaadjie groei ook boontoe met die verwagting: God sal sonskyn en reën gee. So moet ons die stingel van ons geloof in die gebed opskiet na ons Vader in die hemel.

Onthou! Hoe meer ons bid, des te meer sal die warm groeikrag van die Heilige Gees ons geloof deurstroom en dit sterker laat word. Ja! Hoe meer ons afwaarts groei na die Woord van God en opwaarts groei na die God van die Woord, hoe meer word ons geloof 'n seën vir ons medemens.

Sing: Psalm 18:13

Dr CJ Malan (Emeritus)